

Kategeet werkblad: 17 April 2011

Teksgedeelte:

Johannes 18

Agtergrond:

Jesus sê aan Petrus in Joh 13:36-38 dat hy hom sal verloën. In Johannes 18 word Jesus gevange geneem, maar hy besef nie waarom God se koninkryk eintlik gaan nie. Hy wil Jesus beskerm en kap 'n gedeelte van Malgus se oor af, Petrus het nie besef hoe God se koninkryk lyk nie ook nie dat die Koning gekom het om te sterf nie. In die verdere gedeeltes waarin die omstanders vir Petrus vra of hy deel was van die Jesus-groep, verloën Petrus vir Jesus deur te sê: "Nee, ek ken hom nie!" I.p.v. om aan die omstanders te verduidelik wat hy by Jesus geleer het, kies hy om eerder sy eie lewe en sy eer te beskerm. Petrus se eer is vir hom belangriker as God se koninkryk. Petrus besef nie wat dit is wat hy moet doen nie, hy besef nie wat dit beteken wanneer gestreef word na God se eer nie.

Verwagte uitkoms:

Dat die kinders iets daarvan sal ervaar, dat om op God se eer gerig te wees beteken om aan jou eie eer te sterf.

Aksie:

Sokker met Rugby se reëls

- *Verdeel die klasse dat hulle saam groepe vorm en wat teen mekaar kan speel.*
- *Daar kan 2 of 3 spele gelyk aan die gang wees.*

Reëls:

- *Die bal mag nie voorentoe aangegee word nie (dis mag daar ook nie vorentoe geskop word nie, maar slegs gedribbel word).*
- *I.p.v. hoekies word lynstane en skrum gebruik.*
- *Spelers mag aan die bal raak (laat hulle self die reël uitvind).*
- *I.p.v. 'n doel moet die bal na die doelhok gedribbel word en dan gedruk word.*

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Kies 'n Sport kommentator uit julle groep om aan die ander te verduidelik wat gebeur het tydens die spel.
- Beduie in *slow-motion* wat julle snaaks gevind het van die spel.

Hart vrae:

- Wat is vir jou anders van die spel gewees as waaraan jy gewoond is?
- Wat was vir jou frustrerend of moeilik van die spel?
- Waaraan het die spel jou laat dink?

Skoppens vrae:

- Hoekom kan mens nie sokker speel met rugby se reëls nie?
- Wat het Petrus geleer van die reëls van God se koninkryk?
- Hoe verskil die reëls van God se koninkryk van die reëls wat die wêreld ons wil leer? [Die wêreld se reëls is: Elke man vir homself. Mens trek jousef voor voordat jy iemand anders eerste gaan stel. Die reëls van God se koninkryk is nie gepla met menslike mag nie, maar gee aan God die eer, daarom tree ons ook sag op want ons besef dat ons eie eer nie vir ons iets in die sak sal bring nie.]

Klawers vraag:

- Watter dinge in ons wêreld maak dit moeilik om nie die eer vir jousef te soek nie?
- Watter tipe dinge gebeur in 'n wêreld waar God se eer eerste gestel word?